PREEKNOTA

Datum: 26/03/2025

WANDEL IN DIE GEES – EERSTE BEGINSELS DIE GEESTESWÊRELD TEENOOR DIE FISIESE WÊRELD.

WAT SAL JY SÊ IS DIE VERSKIL EN HOEKOM?

ONS IS OMRING DEUR 'N BONATUURLIKE, ONSIGBARE GEESTESWÊRELD WAARTOE ONS NIE NORMAALWEG MET ONS FISIESE SINTUIE EN VERMOËNS TOEGANG HET NIE.

GOD BESTAAN IN HIERDIE ONSIGBARE DIMENSIE EN IS NIE DIREK VIR DIE MENS WAARNEEMVAAR NIE.

JOHANNES 4:24 (AFR33) – [24]GOD IS GEES; EN DIE WAT WAT HOM AANBID, MOET IN GEES EN WAARHEID AANBID.

SATAN EN SY MAGTE BESTAAN IN HIERDIE DIMENSIE EN IS NIE DIREK VIR DIE MENS WAARNEEMBAAR NIE.

EFESIËRS 6:12 (AFR33) – [12]WANT ONS WORSTELSTRYD IS NIE TEEN VLEES EN BLOED NIE, MAAR TEEN DIE OWERHEDE, TEEN DIE MAGTE, TEEN DIE WÊRELDHEERSERS VAN DIE DUISTERNIS VAN HIERDIE EEU, TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG.

INDIREK KAN ONS EGTER WEL TEKENS VAN DIE GEESTESRYK ONDERVIND WAAR KRAGTE EN WERKE VAN DAARDIE WÊRELD ONS NATUURLIKE DRIEDIMENSIONELE WÊRELD KRUIS EN SO IN DIE EEN OF ANDER VORM FISIES GEMANISFESTEER WORD.

JOHANNES 12:28-29 (AFR33) – [28]VADER, VERHEERLIIK U NAAM! DAAR HET TOE 'N STEM UIT DIE HEMEL GEKOM: EK HET DIT VERHEERLIK EN EK SAL DIT WEER VDERHEERLIK. [29]EN DIE SKARE WAT DAAR GESTAAN EN DIT GEHOOR HET, HET GESÊ DAT DAAR 'N DONDERSLAG GEWEES HET. ANDER HET GESÊ: 'N ENGEL HET MET HOM GESPREEK.

DIE KONINKRYK VAN GOD

GOD, OPPERHEER VAN SY KONINKRYK IS 'N BONATUURLIKE, GEESTELIKE WESE EN DAAROM BESTAAN SY HEERSKAPPY / REGERING BEHEER IN DIE GEESTESDIMENSIES EN NIE IN DIE NATUURLIKE FISIESE TERREIN NIE.

LUKAS 17:20-21 (AFR33) – [20]EN TOE HY DEUR DIE FARISEËRS GEVRA IS WANNEER DIE KONINKRYK VAN GOD SAL KOM, HET HYB HULLE GEANTWOORD EN GESÊ: DIE KONINKRYK VAN GOD KOM NIE MET SIGBARE TEKENS NIE. [21]EN HULLE SAL NIE SÊ: KYK HIER OF: KYK DAAR! NIE, WANT DIE KONINKRYK VAN GOD IS BINNE-IN JULLE.

JOHANNES 18:36(AFR33) – [36]JESUS ANTWOORD: MY KONINKRYK IS NIE VAN HIERDIE WÊRELD NIE; AS MY KONINKRYK VAN HIERDIE WÊRELD WAS, SOU MY DIENAARS GEVEG HET, DAT EK NIE AAN DIE JODE OORGELEWER WORD NIE. MAAR NOU IS MY KONINKRYK NIE VAN HIER NIE.

DIE STRYD WAT DIE ONDERDANE VAN DIE KONINKRYK VAN DIE LIG TEEN DIE KONINKRYK VAN DIE DUISTERNIS VOER IS OOK NIE FISIES VAN AARD NIE, MAAR 'N GEESTELIKE STRYD.

EFESIËRS 6:12 (AFR33) – [12]WANT ONS WORSTELSTRYD IS NIE TEEN VLEES EN BLOED NIE, MAAR TEEN DIE OWERHEDE, TEEN DIE MAGTE, TEEN DIE WÊRELDHEERSERS VAN DIE DUISTERNIS VAN HIERDIE EEU, TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG.

SLEGS LEWENDE WESENS KAN 'N AKTIEWE INVLOED OP HUL OMGEWING UITOEFEN EN DINGE IN DAARDIE OMGEWING WAARNEEM. KLIPPE EN ANDER LEWELOSE VOORWERPE KAN NIE KOMMUNIKEER OF DINGE DOEN IE, AL IS HUL DEEL VAN DIE AARDSE OMGEWING.

WAT IS GEESTELIKE LEWE?

GEESTELIKE LEWE IS DIE BEHEER, OF DIE INSPRAAK VAN GOD EN CHRISTUS DEUR DIE HEILIGE GEES.

JOHANNES 6:36 (AFR33) – [36]MAAR EK HET VIR JULLE GESÊ, DAT JULLE MY GESIEN HET, EN TOG GLO JULLE NIE.

JOHANNES 12:50 (AFR33) – [50]EN EK WEET DAT SY GEBOD DIE EWIGE LEWE IS. WAT EK DAN SPREEK – NET SOOS DIE VADER VIR MY GESÊ HET, SO SPREEK EK.

JOHANNES 5:25 (AFR33) – [25]VOORWAAR, VOORWAAR EK SÊ VIR JULLE, DAAR KOM 'N UUR, EN DIT IS NOU, WANNEER DIE DODE DIE STEM VAN DIE SEUN VAN GOD SAL HOOR, EN DIE WAT DIT GEHOOR HET SAL LEWE.

GEESTELIKE ONDERSKEIDING, OF 'N SINTUIG, IS 'N OOR VIR DIE STEM VAN DIE HEILIGE GEES.

JOHANNES 8:47 (AFR33) – [47]DIE WAT UIT GOD IS, LUISTER NA DIE WOORDE VAN GOD. DAARON LUISTER JULLE NIE, OMDAT JULLE NIE UIT GOD IS NIE.

JOHANNES 18:37(AFR33) – [37]PILATUS SÊ TOE VIR HOM: IS U DAN TOG 'N KONING? JESUS ANTWOORD: U SÊ DAT EK 'N KONING IS. HIERVOOR IS EK GEBORE EN HIERVOOR HET EK IN DIE WÊRELD GEKOM, OM VIR DIE WAARHEID TE GETUIG. ELKEEN WAT UIT DIE WAARHEID IS, LUISTER NA MY STEM. DIE NATUURLIKE FISIESE MENS KAN DIE STEM VAN GOD NIE HOOR NIE.

JOHANNES 5:37-38 (AFR33) – [37]EN DIE VADER WAT MY GESTUUR HET, HY HET VAN MY GETUIG. JULLE HET NOG NOOIT SY STEM GEHOOR OF SY GEDAANTE GESIEN NIE. [38]EN JULLE HET SY WOORD NIE AS IETS BLYWENDS IN JULLE NIE, OMDAT JULLE HOM WAT HY GESTUUR HET, NIE GLO NIE.

ONS VERMOË IN DIE GEESTELIKE WÊRELD IS BEPERK TOT HIERDIE OOR OM DIE STEM VAN GOD TE HOOR.

EFESIËRS 1:11-12 (AFR33) – [11]IN HOM IN WIE ONS OOK 'N ERFDEEL ONTVANG HET, NADAT ONS VANTEVORE DAARTOE VERORDINEER IS OOREENKOMSTIG DIE VOORNEME VAN HOM WAT ALLES WERK VOLGENS DIE RAAD VAN SY WIL, [12]SODAT ONS KAN WEES TOT LOF VAN SY HEERLIKHEID, ONS WAT VREEDS TEVORE OP CHRISTUS GEHOOP HET.

11 KORINTIËRS 4:7 (AFR33) – [7]MAAR ONS HET HIERDIE SKAT IN ERDEKRUIKE SODAT DIE VOORTREFLIKHEID VAN DIE KRAG VAN GOD MAG WEES EN NIE UIT ONS NIE.

HOE BEKOM EK 'N GEESTELIKE LEWE?

EK KAN NIE AS 'N NATUURLIKE MENS DIE EEN OF ANDER WERK, OF 'N SOORT OEFENING BEGIN DOEN, TOTDAT EK GEESTESVERMOË ONTWIKKEL NIE.

1 KORINTIËRS 15:50 (AFR33) – [50]MAAR DIT VERKLAAR EK , BROEDERS, DAT VLEES EN BLOED DIE KONINKRYK VAN GOD NIE KAN BEËRWE NIE; OOK BEËRWE DIE VERGANKLIKHEID NIE DIE ONVERGANKLIKHEID NIE.

VIR 'N SOORT LEWE OM TE ONTSTAAN EN TE ONTWIKKEL, MOET DIE OU SOORT LEWE EERS STERWE EN DIE NUWE SAAD BEVRUG WORD EN ONTKIEM.

1 KORINTIËRS 15:36(AFR33) – [36]DWASE MENS! WAT JY SAAI, WORD NIE LEWENDIG AS DIT NIE GESTERF NET NIE.

MY OU , NATUURLIKE MENSLIKE LEWE MOET DUS EERS STERWE EN DAN MOET EK MET DIE BONATUURLIKE LEWENSSAAD VAN GOD BEVRUG WORD.

1 PETRUS 1:23 (AFR33) – [23]WANT JULLE IS WEDERGEBORE NIE UIT VERGANKLIKE SAAD NIE, MAAR UIT ONVERGANKLIKE, DEUR DIE LEWENDE WOORD VAN GOD WAT TOT IN EWIGHEID BLY.

JOHANNES 3:36 (AFR33) – [36]HY WAT IN DIE SEUN GLO, HET DIE EWIGE LEWE; MAAR HY WAT DIE SEUN ONGEHOORSAAM IS, SAL DIE LEWE NIE SIEN NIE, MAAR DIE TOORN VAN GOD BLY OP HOM.

ROMEINE 8:9-11 (AFR33) – [9]JULLE IS EGTER NIE IN DIE VLEES NIE, MAAR IN DIE GEES, AS NAAMLIK DIE GEES VAN GOD IN JULLE WOON. MAAR AS IEMAND DIE GEES VAN CHRISTUS NIE HET NEI, DIE BEHOORT NIE AAN HOM NIE. [10]MAAR AS CHRISTUS IN JULLE IS, DAN IS DIE LIGGAAM DOOD VANWEË DIE SONDE, MAAR DIE GEES IS LEWE VANWEË DIE GEREGTIGHEID. [11]EN AS DIE GEES VAN HOM WAT JESUS UIT DIE DODE OPGEWEK HET, IN JULLE WOON, DAN SAL HY WAT CHRISTUS UIT DIE DODE OPGEWEK HET, OOK JULLE STERFLIKE LIGGAME LEWEND MAAK DEUR SY GEES WAT IN JULLE WOON. HOE WORD EK TOT HIERDIE LEWE WEDERGEBORE?

JOHANNES 3:3 en 5-6 (AFR33) – [3]JESUS ANTWOORD EN SÊ VIR HOM: VOORWAAR, VOORWAAR EK SÊ VIR JOU, AS IEMAND IEMAND NIE WEER GEBORE WORD NIE, KAN HY DIE KONINKRYK VAN GOD NIE SIEN NIE. ... [5]JESUS ANTWOORD; VOORWAAR, VOORWAAR EK SÊ VIR JOU, AS IEMAND NIE GEBORE WORD UIT WATER EN GEES NIE KAN HY IN DIE KONINKRYK VAN GOD NIE INGAAN NIE. [6]WAT UIT DIE VLEES GEBORE IS, IS VLEES EN WAT UIT DIE GEES GEBORE IS, IS GEES. ONS KOM TOT HIERDIE GEBOORTE DEUR BEWUS TE WORD VAN DIE OORTUIGENDE STEM VAN GOD, DEUR DIE HEILIGE GEES.

JOHANNES 6:44-45 (AFR33) – [44]NIEMAND KAN NA MY TOE KOM AS DIE VADER WAT MY GESTUUR HET, HOM NIE TREK NIE; EN EK SAL HOM OPWEK IN DIE LAASTE DAG. [45]DIT IS GESKRYWE IN DIE PROFETE: EN HULLE SAL ALMAL DEUR GOD GELEER WEES. ELKEEN DAN WAT DIT VAN DIE VADER GEHOOR EN GELEER HET, KOM NA MY TOE.

ROMEINE 8:16 (AFR33) – [16]DIE GEES SELF GETUIG SAAM MET ONS DAT ONS KINDERS VAN GOD IS.

HOE GROEI EK IN HIERDIE DIMENSIE VAN DIE GEES?

JOHANNES 4:34 (AFR33) – [34]JESUS SÊ VIR HULLE; MY VOEDSEL IS OM DIE WIL TE DOEN VAN HOM WAT MY GESTUUR HET EN OM SY WERK TE VOLBRING.

HEBREËRS 5:7 (AFR33) – [7]HY WAT IN DIE DAE VAN SY VLEES GEBEDE EN SMEKINGE MET STERK GEROEP EN TRANE AAN HOM GEOFFER HET WAT HOM UIT DIE DOOD KON RED EN OOK VERHIOR IS UIT DIE ANGS.

WAAR MOET EK DIT BEOEFEN?

VIR 'N GODVRUGTIGE LEWE MOET ONS OPTREE EN WANDEL IN HIERDIE GEESTELIKE DIMENSIE.

1 PETRUS 1:23, 25 (AFR33) – [23]WANT JULLE IS NIE WEDERGEBORE UIT VERGANKLIKE SAAD NIE, MAAR UIT ONVERGANKLIKE, DEUR DIE LEWENDE WOORD VAN GOD WAT TOT IN EWIGHEID BLY. ... [25]MAAR DIE WOORD VAN DIE HERE BLY TOT IN EWIGHEID. EN DIT IS DIE WOORD WAT AAN JULLE VERKONDIG IS.

HY MOET ONS WOORDE EN DADE IN TOTALITEIT BEHEER.

FILIPPENSE 3:3 (AFR33) - [3]WANT ONS IS DIE BESNYDENIS, ONS WAT GOD IN DIE GEES DIEN EN IN CHRISTUS JESUS ROEM EN NIE OP DIE VLEES VERTROU NIE.

ONS MOET IN 'N GEESTELIKE DIMENSIE, IN VOLLE KONTAK EN GEMEENSKAP MET GOD LEEF EN WANDEL.

JOHANNES 14:10 (AFR3) - [10]GLO JY NIE DAT EK IN DIE VADER IS EN DIE VADER IN MY NIE? DIE WOORDE WAT EK TOT JULLE SPREEK, SPREEK EK NIE UIT MYSELF NIE; MAAR DIE VADER WAT IN MY BLY, HY DOEN DIE WERKE.

WAT IS DIE RESULTAAT VAN 'N GEESTELIKE WANDEL?

BEOEFENING VAN DIE HOOR VAN GOD SE STEM BEWERK WARE GELOOF IN ONS BINNESTE.

1 HEBREËRS 11:1 en 3 (AFR33) – [1]DIE GELOOF DAN IS 'N VASTE VERTROUE OP DIE DINGE WAT ONS HOOP, 'N BEWYS VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE. ... [3]DEUR DIE GELOOF VERSTAAN ONS DAT DIE WÊRELD DEUR DIE WOORD VAN GOD TOEBEREI IS, SODAT DIE DINGE WAT GESIEN WORD, NIE ONTSTAAN HET UIT SIENLIKE DINGE NIE.

BEOEFENING VAN GEHOORSAAMHEID AAN DIE STEM VAN GOD BRING WARE LIEFDE EN EENHEID.

LIEFDE EN EENHEID MET GOD

1 KORINTIËRS 6:17 (AFR33) – [17]MAAR WIE DIE HERE AANHANG, IS EEN GEES MET HOM.

LIEFDE EN EENHIED MET MEDEGELOWIGES.

EFESIËRS 4:3 (AFR33) –...[3]EN ERNSTIG STREWE OM DIE EENHEID VAN DIE GEES TE BEWAAR DEUR DIE BAND VAN DIE VREDE.

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES
BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655